Geopende Deure NUUSBRIEF

SPESIALE HERDENKINGSUITGAWE



# JAAR VAN GENADE

## Geopende Deure Suider-Afrika
## 50 jaar diens aan die vervolgde Kerk

Mei / Junie 2021

Ons prys die Here vir hierdie mylpaal! bl. 2 • Lesse van die vervolgde Kerk, bl. 4 • Brief van Broer Andrew, bl. 5-6 • Mosambiek: Toe en nou, bl. 7 • Belydenis van 'n vervolgde Christen, bl. 8-9 • 2021: Kyk uit hiervoor, bl. 11




# Ons prys die Here vir hierdie mylpaal!

Hierdie jaar vier Geopende Deure Suider-Afrika 50 jaar van God se genade. Die werk in Suid-Afrika het alles in 1971 begin ná ŉ paar besoeke van Geopende Deure se stigter, Broer Andrew. In Mei daardie jaar het Broer Andrew weer na Suid-Afrika gereis vir ŉ kort besoek. ŉ Klein groepie mense, wat deur Broer Francis Grim uitgenooi is, het in die Grim-huis in Kempton Park vergader om die stigting van ŉ Geopende Deure-basis in die land te bespreek. Op 10 Mei is Geopende Deure Suider-Afrika gestig.

Vandag het die werk van Geopende Deure na ander dele van Suider-Afrika uitgebrei. Danksy die gebede en ondersteuning van duisende Christene, is miljoene vervolgde Christene in geslote lande versterk om vas te staan vir Christus, ongeag die koste.

**Te danke aan God se genade en jou vennootskap die afgelope 50 jaar, het Geopende Deure Suider-Afrika al ongeveer 5,3 miljoen Christene in meer as 60 lande versterk!**

Ons by Geopende Deure Suider-Afrika is beskeie oor die voorreg om ons vervolgde familie saam met jou te dien. Ons gee aan God alle roem, eer en lofprysing vir Sy groot genade deur al hierdie jare. En ons bedank jou, ons vennoot, vir jou onwrikbare toewyding om saam met ons vervolgde familie te staan sodat die koninkryk van God in van die donkerste plekke op aarde uitgebou kan word.

# Onvergeetlike oomblikke in ons bediening

## 1971
### GEOPENDE DEURE SUIDER-AFRIKA

Die basis in Suider-Afrika word gestig om die Kerk hier in te lig, te bemoedig en toe te rus om vir vervolgde broers en susters wêreldwyd te sorg.

## 1981
### "PROJECT PEARL"

Een miljoen Bybels word in slegs een nag op ŉ strand in China afgelewer. Duisende wagtende gelowiges kom bymekaar om dit te ontvang.

## 1982
### SEWE-JAAR GEBEDSVELDTOG

Geopende Deure stel ŉ sewe-jaar gebedsveldtog bekend vir die Kommunistiese Blok. Die Berlynse Muur val sewe jaar later, in 1989. Die Sowjet-Unie word vir die Evangelie oopgestel en Christen-gevangenes word vrygelaat.

## 1991
### TIEN JAAR VIR DIE 10-40

ŉ Tienjaar-gebedsveldtog begin vir die 10-40 venster – die gebied in Noord-Afrika, die Midde-Ooste en Asië wat die meerderheid van die wêreld se Moslems, Hindoes en Boeddhiste insluit.

## 1992
### WÊRELDWAARNEMINGSLYS BEKENDGESTEL

Die eerste jaarlikse Wêreldwaar-nemingslys word gepubliseer – ŉ unieke hulpbron wat van onskatbare waarde is. Dit wys die 50 lande waar Christene die ergste vervolging vir hul geloof ervaar.

## 1998
### OPERASIE DAAGLIKSE BROOD

Geopende Deure stel sy eerste reddingsprojek bekend. Meer as 400 ton voedsel en medisyne word aan verhongerde gelowiges in die oorloggeteisterde Suid-Soedan afgelewer.

## 2010
### "RIGHT TO BELIEVE"

Die "Right to Believe"-veld-tog lei daartoe dat meer as 428 000 Christene wêreldwyd ŉ petisie onderteken om hul ondersteuning aan vervolgde Christene te wys.

## 2013
### RED SIRIË

Geopende Deure stel sy grootste reddingsprogram ooit bekend in reaksie op die burgeroorlog in Sirië. Dit help Christene in dié land om daar te bly en hul lig te laat skyn.

## 2017
### 800 000 HANDTEKENINGE

Meer as 800 000 ondersteuners van 143 lande onderteken die wêreldwye "Hope for the Middle East"-petisie, wat aan die Verenigde Nasies oorhandig is.

## 2018
### "IMPACT INDIA"

Geopende Deure stel ŉ vyfjaar-veldtog bekend om Christene in Indië te ondersteun wat weens groeiende Hindoe-ekstremisme toenemende vervolging in die gesig staar.









# DRIE LESSE VAN DIE VERVOLGDE KERK



Verteenwoordigende foto gebruik.

## 1 Gebed is soos om wierook te oes

ŉ Christen in die Arabiese Skiereiland het gedeel hoe ŉ klein, vlak kepie in die bas van ŉ wierookboom gemaak word. Elke kepie stel ŉ klein bietjie sap vry, wat vir ŉ paar dae gelos word om te verhard en hars te vorm. Wanneer dit verhard het, word die hars bymekaargemaak en tydelik gestoor om verder uit te droog en uiteindelik in lieflike wierook te verander.

Soos met die oes van wierook, moet ons geduldig wees met ons gebede terwyl Christus se karakter binne-in ons en ons broers en susters groei. Alhoewel ons nie altyd die vrug van ons gebede sien nie, weet ons dat die heiliges se gebede opstyg, die hemel bereik, en dat die Here alle gebede op Sy eie manier en in Sy eie tyd beantwoord.

## 2 Die vrede van God is groter as die vrede van vervolging

ŉ Vervolgde Christen van Egipte het gedeel hoe sy en haar familie deur ŉ man wat gedreig het om haar pa te vermoor, vervolg is. Sy en haar familie het hulle winkel vir 20 dae gesluit, en by die huis gebid en gehuil. Sy was baie bang, maar toe gebeur daar iets…

*"Stadig maar seker het ek ŉ ondenkbare vrede ervaar. Dit was groter as wat ek kon begryp – ek het dit nog nie vantevore gevoel nie en ek het dit nie verstaan nie. Maar ek het rustig gevoel, en nie meer bang nie. My pa het my geleer hoe om ons vervolger te vergewe en hoe om hom deur God se oë te sien. Ons bid die hele tyd vir hom. Ons geveg is nog nie verby nie, maar ons weet dat God by ons is."*

## 3 Kerk is nie 'n gebou nie

ŉ Christen van Indië het gedeel dat hy by ŉ vriend se kerk gepreek het, waarna dié hom na ŉ ander kerk in ŉ restaurant geneem het. Die kerk het nie geld gehad om hulle gebou te behou nie omdat die vorige gemeente so behep geraak het met hul materiële welstand. Hulle het die gebou aan ŉ sakeman verkoop, wat dit in ŉ restaurant omskep het.

Hy het geleer dat *"ŉ kerk nie ŉ gebou is nie. God stel nie belang in hoe mooi ons geboue is nie. Satan doen. Sy strategie is om ons baie programgeoriënteerd te maak, sodat daar altyd probleme is om op te los. God stel wel belang in die toestand van die mens."*

# Die familie van God

deur Broer Andrew

**Enige regdenkende persoon vra altyd "waarom?". In ons geval, waarom is daar soveel vervolging? Waar het dit begin? Kon ons dit voorkom het? Kan ons tussenbeide tree, dit keer of ten minste die slagoffers van die wrede aanvalle help?**

Leer die Bybel ons nie duidelik dat ons alle mense moet help, maar veral ons medegelowiges nie (Galasiërs 6:10)? Ek hou van die woord *"huisgenote"* in die Ou Vertaling. Dit dui daarop dat ons almal van een familie is, die familie van God. Wat ŉ voorreg! Maar wat ŉ verantwoordelikheid!

Die Bybel sê baie oor die familiebande wat ons met ons medegelowiges in Jesus Christus het. Die duidelikste onderrig in die hele Skrif is ongetwyfeld die onderrig oor die Liggaam van Christus, wat verwys na die onafskeibare eenheid van almal wat aan Hom behoort, wat ŉ lewende deel van Jesus se Liggaam geword het.

As ons dit ten volle kan verwesenlik, sal etniese skeidings en kerkverdeeldheid in duie stort. En ŉ eindelose stroom van besoekers, hulpverlening, Bybels en gebede sal na vervolgde gelowiges as ŉ deel van die Liggaam uitgaan.

Ja, ons sal *"gelyke sorg vir mekaar dra"*. Ja, ons sal hulle pyn en lyding voel asof dit ons eie is (1 Korintiërs 12:25-26). En ek is oortuig dat ons Geopende Deure en baie soortgelyke organisasies nie meer vir hulp sou moes vra vir almal wat dit nodig het nie. Daar sou meer as genoeg wees.

*(Vervolg op bladsy 6)*

**"Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."**

**Galasiërs 6:10**



Verteenwoordigende foto gebruik.

## Is dit al?

*(Vervolg van bladsy 5)*

Maar daar is ŉ ander stap wat geneem moet word, ŉ reuse stap vorentoe. Jesus het hierdie stap vir ons geneem. In Handelinge 9 lees ons van die eerste georganiseerde vervolging van Christene: Saulus op pad na Damaskus om die gelowiges gevange te neem. Skielik het Jesus aan hom verskyn en gesê: *"Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"* (Handelinge 9:4).

Dit in niks anders as ŉ openbaring nie! Saul vervolg nie die Kerk, afvallige Jode of godsdienstige fanatici nie. Nee, hy vervolg die lewe van Jesus in mans en vroue.

Die eenheid onder Christene en die heilige Onderwerp van hulle geloof is so volledig dat, vir die Here, ŉ aanval op ŉ gelowige gelyk staan aan ŉ aanval op Sy Seun. Met ander woorde, Jesus vereenselwig Hom met Sy vervolge gelowiges. Die talle verhale wat ons oor die jare gepubliseer het, illustreer die ongelooflike nabye teenwoordigheid van Jesus by diegene wat vir Sy naam ly. Dit verander vervolging amper in soete vervolging.

Dit is duidelik dat Jesus, die Seun van God wat in my woon, die werklike voorwerp van vervolging is. Miskien is dit goed om hier onderskeid te tref tussen vervolging en teenkanting, omdat dit bloot onwaar is dat ons almal vervolg word. (Sien ook Hebreërs 10:32-34.) Maar elkeen wat daarop aanspraak maak dat hy Jesus in hierdie bose wêreld volg en niks van teenkanting weet nie, moet weer na sy of haar lewe kyk. Lig en duister bots, goed en kwaad het niks in gemeen nie.

Wat werklik vir ons as Christene belangrik is, is eenvoudig, en die oplossing kan op elke konflik toegepas word sonder dat ons ŉ graad in politieke wetenskap of vergelykende godsdiens het. Ons moet die Liggaam van Christus wêreldwyd ondersteun asof dit onsself is, veral in hierdie laaste dae waarin vervolging toeneem. Dit is my gebed dat ons geloof, liefde, voorbidding en ondersteuning dienooreenkomstig sal toeneem.

Eerste verskyn: Junie 2001 ODSA-nuusbrief.













**Te danke aan God se genade en jou vennootskap die afgelope 50 jaar, het Geopende Deure Suider-Afrika al ongeveer 5,3 miljoen Christene in meer as 60 lande versterk!**





# Dankie dat jy by ons familie in Mosambiek staan


"Sonder hierdie hulp sou ons gesterf het. Ek wil dankie sê aan die skenkers, en mag God julle seën." Furaia*, Mosambiek

Mosambiek is ŉ land wat ryk is aan natuurlike hulpbronne en skoonheid, en ŉ gewilde vakansiebestemming vir baie Suid-Afrikaners. Dit is vir lank as ŉ post-konflik-suksesstorie gesien. Ongelukkig het hedendaagse politiese, ekonomiese, godsdienstige en sosiale knelpunte Mosambiek kwesbaar gelaat vir gewelddadige dade, wat deur Islamitiese ekstremistiese groepe uitgevoer word.

In Cabo Delgado, die mees verwaarlose deel van Mosambiek, word burgers sedert 2017 deur hierdie groepe geteister, met Christene wat die ergste deur die aanvalle geraak word.

Furaia* (in haar 40's) is een van die gelowiges wie se lewe erg deur die aanvalle in Cabo Delgado geraak is. Verlede jaar het terroriste haar dorpie aangeval en haar man en broer brutaal vermoor, terwyl sy vanuit haar wegkruipplek in die lang gras toegekyk het.

*"Ek het gesien hoe hulle my man se hande vasbind, hom martel en skreeu: 'Allahu Akubar! Allahu Akubar!' voordat hulle sy keel afgesny het. Ek het gesien hoe hulle my broer en ŉ paar ander mans op dieselfde manier vermoor."*




Sy het geen tyd gehad om te rou, of haar man en haar broer te begrawe nie. Die oomblik toe die terroriste weg is, het sy haar broers se kinders en haar eie bymekaar gekry en gevlug.

Sy het alles verloor en met 14 kinders om na om te sien, het sy nêrens gehad om heen te gaan nie. Gelukkig het Geopende Deure se noodleniging haar in hierdie tyd bereik, te danke aan jou.

*"Ek dank God vir die hulp wat ek gekry het. Ek en my kinders het nou iets om te eet. Sonder hierdie hulp sou ons gesterf het. Ek wil dankie sê aan die skenkers, en mag God julle seën,"* sê Furaia.

Hou asseblief aan om te bid vir ons familie in Christus, soos Furaia, wat deur die voortdurende aanvalle in Mosambiek getraumatiseer is. Bid dat God in hierdie tyd hulle rots en skild sal wees.

** Naam vir sekuriteitsredes verander.*



Verteenwoordigende foto gebruik.

# BELYDENIS VAN 'N VERVOLGDE CHRISTEN

**deur ds Michael Dissanayeke**

Die volgende is ŉ uittreksel uit ons September 1997-nuusbrief:

Ons dink vandag aan duisende van ons Christenbroers en -susters regoor die wêreld, wat ter wille van hulle geloof in Christus vervolg word. Paulus het aan die Kerk in Filippi vanuit dieselfde situasie geskryf terwyl hy ter wille van die geloof vervolg en in die tronk gegooi is. Sy ervaring in Filippi was van die begin af een van vervolging. Teen hierdie agtergrond was dit vir Paulus maklik om hom daarmee te vereenselwig, en hulle te help om met sy situasie te indetifiseer toe hy gesê het:

*"Julle en ek het dieselfde stryd wat julle my vroeër al sien stry het en waarvan julle hoor dat ek nou nog stry"* (Filippense 1:30).

Die vervolgde Kerk het nog altyd die res van die Liggaam geïnspireer om kragte saam te snoer en met groter vasberadenheid in evangelisasie te verenig. Hoewel sommige die hoogste offer moes bring en nie uit hulle situasies gered is nie, het hulle heldhaftige moed en uithouvermoë baie tot die bediening en selfs martelaarskap uitgedaag.

Vervolging kan nie die Kerk keer om die Groot Opdrag uit te voer nie, maar versterk eerder sy vasberadenheid om die Evangelie tot aan die uithoeke van die wêreld te verkondig. Toe Jesus van vervolging gepraat het, het Hy gesê:

*"As hulle julle in een dorp vervolg, vlug na ŉ ander een toe. Dit verseker Ek julle: Julle sal*

*(Vervolg op bladsy 10)*

*(Vervolg van bladsy 9)*

*sekerlik nie klaar wees met die dorpe van Israel voordat die Seun van die mens kom nie"* (Matteus 10:23).

Die boodskap van die Evangelie moet uitgedra word. Ons moet onthou dat die meeste vervolgde gebiede in die wêreld gereed is vir die oes, en hoewel hulle aan bande gelê word, toon die Kerk groot belofte. Ons moenie oor die krag van die onderdrukkers verslae wees nie, want dit beteken nie dat die Kerk swak is nie. Sedert die vervolging van Rome in die vroeë eeue tot die Kommunistiese regimes van onlangse jare, het die Kerk oorleef en regeer om te bewys dat dit waar is.

Die Kerk wêreldwyd moet in solidariteit staan met die vasberadenheid van die lydende Kerk om te bewys dat die onderdrukte nie die slagoffer is nie, maar die oorwinnaar!

Kom ons verenig in gebed en geloof, wetende dat geslote deure geensins ŉ geslote hemel beteken nie! Soos Jesus Christus Nataniël uitgedaag het, kom ons glo in ŉ oop hemel.



Verteenwoordigende foto gebruik.

**"Vervolging kan nie die Kerk keer om die Groot Opdrag uit te voer nie, maar versterk eerder sy vasberadenheid om die Evangelie tot aan die uithoeke van die wêreld te verkondig."**

# 2021 KYK UIT HIERVOOR

**Wees deel van ons projekte in die tweede helfte van die jaar, terwyl ons voortgaan om ons vervolgde familie in Christus te ondersteun, in gebed op te dra en vir hulle voorspraak te doen.**

**Hier is wat jy in die komende maande kan verwag:**

## Indië

**JULIE/AUGUSTUS**

Binne slegs een jaar was Geopende Deure in staat om ons impak vir vervolgde Christene in Indië met ondersteuning, gebed en voorspraak te verdubbel. Nou wil ons daardie impak verdriedubbel. Op Indië se Onafhanklikheidsdag, op 15 Augustus, gaan ons saamspan met Christene van regoor die wêreld in solidariteit met Christene in Indië deur 'n massa-inisiatief vir ons ondersteuners van stapel te stuur – wees deel hiervan!

## Hoop vir die Midde-Ooste

**SEPTEMBER/OKTOBER**

Oorlog en onluste het Irak en Sirië vernietig, en talle mense is van hulle tuislande ontwortel. Dit alles het bygedra tot 'n afname in die Christen-teenwoordigheid in dié streek. Die Christene wat steeds daar is, benodig hoop om die Christen-teenwoordigheid in die land te herbou.

## Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk

**NOVEMBER**

Vervolgde Christene se nommer een versoek is vir gebed. Elke jaar neem Christene regoor die wêreld deel aan die Internasionale Dag van Gebed vir Vervolgde Christene.

## Kersfees-veldtog

**NOVEMBER/DESEMBER**

Kersfees is 'n tyd van verhoogde vervolging vir Christene in geslote lande. Baie Christene moet die feestyd in die geheim herdenk vanweë die gevare wat hulle in die gesig staar. Ons Kersfees-veldtog poog om hulle hoop te gee en te herinner dat hulle nie alleen is nie.



**Besoek www.opendoors.org.za en hou ons kommunikasie dop vir meer inligting oor hierdie komende projekte.**

50 JAAR VAN GENADE
Vervolg Maar nooit alleen.

# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgde Kerk

*"Ek sal die troue liefde van die Here verkondig, die roemryke dade van die Here, alles wat Hy vir ons gedoen het, Sy groot goedheid vir Israel, alles wat Hy gedoen het in Sy genade, in Sy groot liefde."* Jesaja 63:7

Wanneer ons terugkyk op die 50 jaar van Geopende Deure Suider-Afrika se bestaan, kan ons met selfvertroue sê dat hierdie vers werklik waar is in ons geskiedenis!

Op 10 Mei 1971 het ŉ handjievol Suid-Afrikaanse kerkleiers met Broer Andrew (stigter van Geopende Deure Internasionaal en outeur van *God se Smokkelaar*) vergader en Geopende Deure Suider-Afrika gevorm. Hulle belofte aan Broer Andrew was dat hulle die boodskap van die vervolgde Kerk in Suider-Afrika sal versprei, en dat hulle sy werk sal ondersteun deur gebede en finansies.

Dit het klein begin, met net een voltydse personeellid en net ŉ paar vennote wat die werk ondersteun het. Vandag is duisende vennote in Suider-Afrika betrokke by die mees vervolgde gelowiges deur gebede en ondersteuning.

In die 30 jaar wat ek die voorreg gehad het om deel van hierdie organisasie te wees, het ek baie vervolgde broers en susters ontmoet wat getuig het oor hoe ons betrokkenheid hulle lewens verander en hulle gerusstel dat hulle nooit alleen is nie. Ek het nou my wedloop afgelê en sal binnekort die aflosstokkie aangee.

Waar ek hierdie hoofstuk van my lewe afsluit, dank ek die Here vir hoe Hy Geopende Deure gebruik het om die lewens van miljoene vervolgde Christene te verander. En ek bedank jou, ons vennoot, opreg vir jou liefde, gebede en ondersteuning oor hierdie jare. Jou betrokkenheid verander lewens!

ALLE EER AAN GOD!

Saam in Sy diens

Jan



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org
I www.opendoors.org.za

064 867 4730

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
**Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org
**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**